

Vrydag 26 Januarie

Skrifgedeelte: Psalm 16

Fokusgedeelte: Psalm 16:5;
Heidelbergse Kategismus 34:94

“Here, U is my lewe”

Uit die hele Skrif is dit duidelik dat die eerste gebod ook ’n positiewe kant het. Daarom verbaas dit ’n mens ook nie dat meer as twee derdes van Antwoord 94 daaraan gewy word nie. Dit spreek vanself: As ons God bo alles moet liefhê, moet ons Hom ook positief en met oorgawe dien. Dan moet ons ook daartoe kom om van harte saam met Dawid te sê: “Here, U is my lewe, U sorg vir my” (vgl. Fil. 1:21; Gal. 2:20).

In die positiewe deel van die antwoord word in werklikheid gesê dat God die absoluut sentrale plek in ons lewens moet inneem. In alles moet ons vra: “*Here, wat wil U hê moet ek doen?*” (Hand. 22:10). God moet die middelpunt wees waarom my hele lewe met al sy doen en late beweeg. Hy het in sy groot genade en liefde ons verlos in en deur Jesus Christus. Hy het dit wat Christus vir ons verwerf het deur die Heilige Gees tot ons eiendom gemaak sodat ons die ewige saligheid kan ontvang. Daarom is die positiewe diens aan God vir die gelowige enersyds ’n spontane reaksie op God se goedheid en liefde teenoor ons, maar andersyds is dit ook ’n gewigtige eis – ’n bevel! – aan ons waaraan ons moet voldoen. Daarom –

- *om God te ken* soos Hy Hom in sy Woord aan ons openbaar het, moet vir ons meer werd wees as al die kennis en die wetenskap van die wêreld;
- *om op God alleen te kan vertrou* onder alle omstandighede, selfs in die donkerste oomblikke van ons lewe, moet Hy vir ons die bron van krag in ons lewens wees;
- *om ons aan Hom alleen te onderwerp* in elke beslissing van ons lewe, moet vir ons ’n lus en ’n vreugde wees;
- *om van Hom alleen al ons hulp en redding te verwag*, moet vir ons die grondwet van ons hele bestaan wees;
- *om God lief te hê* met ons hele hart, siel, verstand en al ons kragte, moet die kompas van ons lewens wees;
- *om oral en altyd God se wil te kan doen*, moet ons vervul met ’n groter vreugde as wat enige aardse skatte ons kan gee.

As ons deur die geloof gesien het wat God in Christus en deur die werking van die Heilige Gees vir ons gedoen het en nog doen, sal ons nie anders kan nie as om voortdurend daarna te streef om Hom met ons hele hart lief te hê, Hom te vrees en te eer en in alles volgens sy wil te handel. Ons sal dan verstaan wat Dawid bedoel het toe hy gesê het: “Here, U is my lewe, U sorg vir my.”